



Beplanningsraamwerk vir eksamineringsaksies vir tesis/proefskrifte

Maart 2019-graduandikandidate

(A) BENOEMING VAN EKSAMINATORE EN BEOORDELINGSPANELE

<p>Departementele aksies vir finalisering teen 15 Okt: Kontak persone wie vir EKSAMINATORE en BEOORDELINGSPANELE wil benoem en kry hulle instemming. NB: Maak ook reeds die volgende datums vas (sien datumraamwerk onder Afd. B): MET EKSAMINATORE – geteikende datum wanneer tesis/proefskrif gereed sal wees vir eksaminering. MET BEOORDELINGSPANELE – datum waarop kandidaat se mondelinge eksamen beplan word.</p>	<p>Vanaf begin Sep 2018</p>
<p>Inlewering van benoemingsvorme vir eksaminatore en beoordelingspaneel by Fakulteitsekretaris [VORM EKS-M1 & VORM EKS-D1]</p>	<p>15 Okt (2018) (FINAAL)</p>

(B) EKSAMINERING VAN TESISSE/PROEFSKRIFTE

BELANGRIKE NOTA AAN STUDIELEIERS/PROMOTORS: Die datums hier onder dien as 'n raamwerk vir die beplanning vir die eksamineringsaksies gebaseer op die volgende beplanningpatroon: **die finale ingedatum van dokumentasie by die Fakulteitsekretaris is die vertrekpunt (in ROOI gemerk)**, daarvandaan 'n terugbeplanning gebaseer op **6/7 weke sedert die tesis/proefskrif vir eksaminering uitgestuur word** (d.w.s. 5/6 weke vir eksaminering en **minstens 1 week** vir departementele administrasie vir die mondelinge eksamen, finalisering van die eksamenuitslag, ens.). Hou net in gedagte dat die voorgestelde datums wat hier onder aangedui word vir die uitstuur van die tesis/proefskrifte en die indien van eksamineringsverslae by die dekaanskantoor is die **HEEL LAATSTE DATUM WAT DIT KAN GESKIED**, met inagneming van alle aksies wat afgehandel moet wees teen die **twee finale VASTE sperdatums** van **28 Jan** (vir doktoraal) en **15 Februarie** (vir magister).

Doktoraal

<p>Uitstuur van proefskrif, tesame met instruksieblad en eksamineringsvorme, aan eksaminatore [VORM EKS-D2]</p>	<p>*Nie later nie as 3 Des (2018) [6 weke-eksamineringstyd tot 14 Jan]</p>
<p>Vanaf eksaminatore: Deurstuur van eksamineringsverslae na dekaanskantoor [VORM EKS-D2]</p>	<p>*Voor 14 Jan</p>
<p>Departementele aksies vir finalisering van D-kandidate se eksamenuitslag: Finale proefskrifkorreksies, mondelinge eksamen, finalisering van D-eksamenuitslag en aanbevelingsverslag vir finale D-eksamenuitslag, asook D-opsommings</p>	<p>*21- 25 Jan [1 week]</p>
<p>Inlewering van D-kandidate se eksamineringsdokumentasie by Fakulteitsekretaris, wat insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Dekmemo [VORM EKS-D-dekmemo (final)] - Eksaminatorsverslae [VORM EKS-D2] - Aanbevelingsverslag vir finale D-eksamenuitslag [VORM EKS-D3] - Gradeplegtigheidsinligting, tesame met 2 doktorsale opsommings [VORM EKS-D4] 	<p>*28 Jan (FINAAL)</p>

Elektroniese inlewering van proefskrif vir die JS Gericke-biblioteek

***27 Februarie**
(FINAAL)

Magister

<p>Uitstuur van tesis, tesame met instruksieblad en eksamineringsvorme, aan eksaminatore [VORM EKS-M2]</p>	<p>*Nie later nie as 17 Des [6 weke-eksamineringstyd tot 28 Jan]</p>
<p>Vanaf eksaminatore: Deurstuur van eksamineringsverslae na dekaanskantoor [VORM EKS-M2] Vanaf studieleier: Deurstuur van studieleiersverslag na dekaanskantoor [VORM EKS-M3]</p>	<p>*Voor 28 Jan</p>
<p>Departementele aksies vir finalisering van M-kandidate se eksamenuitslag: Finale tesiskorreksies, mondelinge eksamen en finalisering van M-punt.</p>	<p>*4-8 Feb [1 week]</p>
<p>Inlewering van M-eksamineringsdokumentasie by Fakulteitsekretaris, wat insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Dekmemo [VORM EKS-M-Dekmemo (final)] - Eksaminatorsverslae [VORM EKS-M2] - Studieleiersverslag [VORM EKS-M3] - M-puntevorm [VORM EKS-M4] <p>Laai M-punte op US-stelsel</p>	<p>*15 Februarie (FINAAL)</p>

Elektroniese inlewering van tesis vir die JS Gericke-biblioteek

***27 Februarie**
(FINAAL)